

Titel: Surf met God
Pastoor: Lucille May
Datum: 19 April 2009
Tyd: 09:00



Hoekom is ons hier?

Mattheus 28:19a (ou vertaling)

¹⁹ Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies...

In watter seisoen is ons?

Mattheus 11:12 (ou vertaling)

¹²Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld.

Wat beklemtoon God op die oomblik?

I Petrus 5:8-9a

⁸Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. ⁹Bly standvastig in die geloof en staan hom teë...

Johannes 10:10

¹⁰'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

1: Kry jou balans

Spreuke 29:25 (ou vertaling)

²⁵Die vrees vir die mens span 'n strik; maar hy wat op die HERE vertrou, sal beskut word.

I Samuel 17:37

³⁷Verder het Dawid gesê: "Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hy sal my red uit die mag van hierdie Filistyn."

Jakobus 1:5-8

⁵As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.⁶Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. ⁷⁻⁸So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

Jakobus 4:2b-3

²... Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. ³As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.

Hebreërs 11:6 (ou vertaling)

⁶En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

2: Leer verskillende branders ken

a. Kompromie & sonde

Openbaring 3:19, 21 (ou vertaling)

¹⁹Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou... ²¹Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

b. Verdrukking

Johannes 16:33 (ou vertaling)

³³Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle **verdrukking** hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld **oorwin**.

filippense 4:6-7

⁶Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. ⁷En die **vrede van God** wat alle verstand te bowe gaan, sal oor **julle harte en gedagtes die wag hou** in Christus Jesus.

c. Bose mense

Romeine 12:17a

¹⁷Moenie kwaad met kwaad vergeld nie.

Romeine 12:19-21

¹⁹Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here. ²⁰As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. ²¹Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar **oorwin die kwaad deur die goeie**.

d. Die aanklaer - duiwel

Openbaring 12:10-11

¹⁰Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het. ¹¹Hulle het self die **oorwinning** oor hom behaal danksy die **bloed van die Lam** en die **boodskap waarvan hulle getuig** het; en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.

e. Die aanklaer - mense

Jesaja 54:17a (ou vertaling)

¹⁷Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke **tong** wat teen jou opstaan in die gereg, **sal jy weerlê** (condemn).

3: Paddle in – duck & dive

4: Oorwin die groot branders

Die wêreld

I Johannes 5:5

⁵Wie anders is dit wat **die wêreld oorwin** as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

Psalm 23:5a

⁵ U laat my by 'n **feesmaal** aansit, terwyl **my teëstanders** moet toekyk ...

Openbaring 2:7b (ou vertaling)

⁷... Aan hom wat **oorwin**, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.

Openbaring 21:7-8 (ou vertaling)

⁷Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. ⁸Maar wat die **lafhartiges** aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders

en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

Openbaring 2:11b (ou vertaling)

⁷Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

Filippense 4:13

¹³Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.